# <u>Heilige water teenoor Gewone water!</u> **Vry. 13 Nov. 2020**

## Joh 4:13,14

**<u>Joh_4:13-15</u>**

**13** “Maar Jesus antwoord haar: “Elkeen wat van hierdie water drink, sal weer dors kry;

14 maar wie van die water gedrink het wat Ek hom sal gee, sal in alle ewigheid nooit dors kry nie. Nee, die water wat Ek hom sal gee, sal in hom 'n fontein wees met water wat opborrel en vir hom die ewige lewe gee.”

15 Die vrou het vir Hom gesê: “Meneer, gee vir my van daardie water, sodat ek nie weer dors sal kry en hier hoef te kom water haal nie.”

As ons die watterryke plekke sien op TV of in foto’s soos Switserland of die groot mere-gebiede, dan lyk dit so iddilies en mooi en groen in die somer. Dit lyk so-al of alles volmaak in harmonie en vrede en mooiheid en skoonheid moet wees.

Daarteenoor die barheid van die woestyne, droë dele in die wêreld end an wens mens dikwels net die helfte van die water wat daar is kan in die droë plekke val. So dink ons maar altyd aan letterlike water in Suid Afrika. Ons is so afhanklik van reën en damme, boorgate, watertenks ens.

Jesus praat hier met ‘n Samaritaanse vrou. Jesus praat natuurlik van geestelike water maar die vrou verstaan dit letterlik. Sy verstaan dit as ‘n soort van magiese towerwater wat sal veroorsaak dat sy permanent haar dors geles het. Maar dit is natuurlik allermins wat Jesus bedoel het. Want ook Israel is ‘n drooggeteisterde gebied waar water absoluut lewe beteken. As die vrou dan water kan kry wat sal maak dat sy nooit weer dors word nie, dan is die grootste bekommernis van elke dag se bestaan opgelos, water.

Maar ons besef nie altyd dat daar ‘n groter nood as letterlike dors en fisiese dors is nie.
Want die dors sal verbygaan na die aardse lewe.
Maar die lewe by God sal **EWIG** bestaan.

Daarom moet ons hunker en dors na **die Lewende water**.

Jesus Christus is die Geestelike Water. Jesus Chrisus is die Brood van die Lewe. Jesus Christus is die Lig vir die wêreld. Jesus Christus is die Waarborg vir die ewige lewe.

Daarom moet ons altyd drink uit die Fontein van die Woord. Ons moet biddend aan God die eer bring deur Jesus Christus. Daar is ‘n ewige vreugde in, by en deur Jesus Christus. Drink die Woord. Lees die Woord, Oordenk die Woord. Bepeins oor die Woord. En jou siel sal gevul word met die Water van die Lewe. Jou siel sal versadig word. Jy sal uitsien na die ewigheid by God.

**Amen** (ds. Gerrit Kruger. 0829645595)